

kan geen vernuwing van hart en lewe bewerk nie. Die geloof moet dus 'n werklikheid wees, 'n mag wat nie ontken kan word nie."

Wat van die moeder geld, is ook van toepassing op die vader. Om 't ewe of u vader of moeder is, dié gedagte dat u kinders waarskynlik u voorbeeld sal navolg, moet slegs u hart vervul en beweeg.

'n Man wat hom weinig oor godsdiens bekommer het, gaan een oggend van huis af. Gedurende die nag het dit baie gesneeu, en slegs met moeite kon hy voortstap. Opeens hoor hy iemand agter hom aankom. Hy kyk om en was verbaas om te sien dat dit sy seuntjie was wat hom gevolg het. „My kind, hoe het jy deur die diep sneeu gekom?" sê hy.

Die seuntjie antwoord: „Pappie, ek trap in u spoor." — Deur hierdie eenvoudige woord was die man tot in die dieptes van sy siel ontroer. Hy sê toe by homself: „Nie alleen hier in die sneeu, maar orals op die lewensweg sal die kind my spoor seek. Is my spoor wel altyd en orals van so 'n aard dat die kind daardeur in die spoor van die geregtigheid sal gelei word? Mag ek wens dat my kind in tyd en ewigheid my spoor sal volg?" Die uitslag van die self-onderzoek wat daarop gevolg het, was dit, dat die man vir die eerste maal in sy lewe op sy knieë val, God se ontferming in Jesus Kristus seek en 'n nuwe skepsel geword het.

Niks is vir die mens waardiger, niks verstandiger, niks noodsaakliker as dat hy hom sal bekeer en van 'n mensekind 'n Godskind word. Maar vriend, as u u nie wil bekeer terwille van

u eie siel en saligheid nie, dan moes u dit darem doen in die belang van u kinders, sodat hulle siele nie verlore gaan nie, as hul u spoor volg. Dis 'n sware verantwoordelikheid wat ons met betrekking tot ons kinders het, juis omdat hulle, aangetrek deur die bande van bloed en gees as met 'n magnetiese krag, ons voorbeeld volg en in ons voetstappe wandel.

## 6. Sondagviering met die Kinders.

Een van die vernaamste sake waarin ouers sowel deur woord as wandel hulle kinders die regte onderrig en die nodige leiding moet gee, is die betekenis en die waarde van die Sabbatdag. Die Here het die Sabbat tot Sy diens afgesonder, en Hy wil hê dat ons dit moet heilig, d. w. s. tot 'n heilige, godverheerlikende gebruik afsonder. Daar is ouers wat hieromtrent onverskillig is. Hul sal die treurige gevolge van so'n onverskilligheid nog ondervind. Ander ouers weer is waarlik verlangend om hulle kinders te leer om die Sabbat te heilig, maar hulle weet nie hoe hul dit moet aanlê nie. Aan sulke ouers wil ons hier 'n paar wenke gee.

Ons begin met te sê: Maak die Sondag tot 'n vreugdedag vir u kinders, 'n liefdekoord wat hulle tot God trek. Vergeet nie: die Sabbat is 'n geskenk van die hemelse Vader aan Sy klein sowel as aan sy groot kinders. Ons voorouers het die Sondag genoem „'n geestelike koop- en markdag”, wanneer 'n mens „siespys insamel vir die volgende werkdag” — 'n een-

voudige, maar nie onjuis gekose beeld nie. Van die rusdag moet krag uitgaan vir verkwikking van siel en liggaam met die oog op die werksaamhede van die nuwe week.

Hoe kan ons aan die kinders 'n aangename indruk van die Sondag gee? Laat ons by die laagste trap begin.

„Ek wens dat dit altoos Sondag was,” het 'n meisie eendag gesê. — „Waarom?” vra haar vader. — „Omdat ons dan by die vuur sit en kakao drink,” was die antwoord. Dis nie 'n verhewe antwoord nie, en tog is daar iets in. Kinders sowel as groot mense is nie net siel nie, maar' liggaam ook, en ons moet albei in aanmerking neem. Ons hoef nie die kinders te laat dink dat Sondag 'n dag is om te eet nie, (party dink dis 'n dag om te slaap) — maar ons kan hulle tog iets besonders gee, iets wat Sondag van ander dae laat verskil.

Maar, om op 'n hoër trap te kom, Sondag is vernaamlik 'n famieliedag, 'n dag waarop die huisgenote lieflik met mekaar kan verkeer. 'n *Kuierdag* is dit seker *nie*: dis treurig dat so vele juis die Sondag moet uitkies as 'n dag om besoeke af te lê. Daardeur beroof hul ander sowel as hulle eie huisgesin.

Na die Sondagskool behoort ook die kinders tuis te bly en nie in die strate rond te loop nie. Vader en moeder het op Sondag meer tyd om met hulle kinders te wees, met hulle in tuin of veld te wandel, met hulle te lees, praat, sing en bid.

'n Sekere moeder skryf: „Ek is baie aan my dierbare moeder verskuldig, omdat sy die

Sabbat altyd vir ons aangenaam gemaak het en haar tyd besonder aan haar kinders gewy het. Ek herinner my ons biduurtjie Sondagmiddags in moeder se kamer nog goed; die saam sing rondom harmonium of klavier; die lees Sondagaande uit ‚Des Kristens Reize‘ of ander mooi boeke. Is daar ’n moeder van jong kinders wat nie op Sondae vir haar kinders lees uit ‚Lichtstralen‘, ‚Kindervriend‘, ‚Zondagachtermiddag‘ of ander mooi blaaië of boeke nie? Dan weet sy nie wat ’n voorreg sy en die kinders mis nie. Sondagaande lees ons ‚Jesus, de Kindervriend‘; elke kind kry ’n beurt om te lees en hulle geniet dit baie.

Baie kinders hou van teken en skrywe. Om hul ’n nuttige tydverdryf te verskaf, kan ons ook daarvan gebruik maak, b.v. na Sondagskool kan hulle hul teks met gekleurde kryt teken.

Kinders hou ook van raaisels. Waarom dan nie Bybelraaisels gegee nie, b.v. ‚Daar was ’n vrou wat baie goed was vir die arm mense en het vir hulle klere gemaak. Sy het gesterwe maar een van die Apostels het haar weer lewendig gemaak. Wat was haar naam?‘ Die kind wat reg raai, mag dan aan die ander ’n raaisel gee.

Nog iets interessants: die goeie en die bose hart. Teken twee harte op papier; trek ’n regop lyn in elke hart en laat die kinders aan albei kante die vrugte skrywe, eers van die goeie hart: liefde, vrede, ens., — dan van die bose hart: ongehoorsaamheid, haat, ens. Dan kan die bose hart met ink swart gemaak word.”

In hierdie verband kan ouers ook ’n paar

nuttige lesse leer uit die voorbeeld van wyle Professor N. J. Hofmeyr van Stellenbosch. Sy biograaf, Ds. J. D. Kestell, skryf: „Hy wou sy kinders laat voel dat dit Sondae die beste was om tuis te bly. Daarom het hy Gods dag vir hulle allergeoeglikst gemaak.

Na die Sondagskool het hy hulle bymekaar gebring en die Bybelgeskiedenis met hulle behandel. Dit het hy gedoen na aanleiding van 'n reeks groot Bybelprente. Die een prent na die ander word vertoon, en dan vertel hy aan die kindertjies wat hulle beteken. Daarna het hy die kinders ondervra omtrent wat hy hul vertel het, en moes hulle ook versies opsê. As alles klaar was, het hy snoepery – amandels, okkerneute of rosyne onder hulle uitgedeel. Of dit nie ook daartoe bygedra het om die Sondagmiddae vir die kleintjies aangenaam te maak nie!

So na sononder se kant toe het al die huisgenote in die voorkamer bymekaar gekom om te sing. Beginnende met die jongste het elkeen 'n paar verse uit 'n lied of 'n gesang opgegee, en almal het dan hartlik saamgesing. Daarna was daar 'n paar vrae oor die môrepreek. Die kinders moes sê wat die teks was, en hoeveel en watter verdelings daar was. Na toepaslike woorde oor die gesprokene, was dit tyd vir die aandete, en het almal na die eetkamer toe gegaan.”

---

## 7. Teer Sake.

Daar is baie mense, wat meen dat die snelle verspreiding van persoonlike onreinheid onder die jongetjies en meisies van ons land gedeeltelik te wyte is aan die misdadige versuim en die weiering van vaders en moeders om hulle kinders die waarheid van God met betrekking tot die lewe se oorsprong en die diepsinnige heiligheid van die skeppende kragte te onderwys. Soos 'n beroemde wetgeleerde êrens gesê het: „Dit lyk my waarlik of die hedendaagse kinders aan hulself oorgelaat word om kennis op te doen aangaande die boosheid van die wêreld en die verborgenhede van hul eie nature, sonder enige of baie min onderrig van die kant van die ouers en voogde.”

Van Genesis tot Openbaring vind ons in die Bybel tal van lesse, waarskuwings en bevele wat betrekking het op die geslagslewe. Geen ander verrigting van die menslike liggaam is belangriker; geen ander het sulke verstrekkende en blywende gevolge nie. Onwetendheid in hierdie dinge lei onvermydelik tot sieklike en die mens vernederende gedagtes, en wat erger is, hulle lei tot slegte handeling. In alle tydperke van die lewe, veral in die teer jare van kindsheid, is onwetendheid en roeklose buitensporighede die vrugbare ouers van onsedelikheid gewees. Dit geld veral van die seksuele lewe.

Meer en meer word ingesien dat vaders, moeders, onderwysers en almal wat op die een of ander wyse met die jeug in betrekking

staan, vroegtydig met tak die vernaamste feite omtrent die betekenis en die funksie van die geslagsorgane aan die jeug behoort mee te deel. Die beste manier vir ouers is om so naby die daaglikse lewe van hulle kinders te staan in alle liefde en geduld, dat hulle sal weet wanneer sekere vrae in die jeugdige gemoed opkom.

Dis 'n kuns om kinders openhartig met u te maak en te hou. As hulle openhartig is, dan sal hul u vertel wat hulle gehoor het en watter vrae hulle besig hou. Dan kan u van tyd tot tyd genoeg van die waarheid vertel om die jeugdige gemoed tevrede te stel.

Oor die algemeen is dit onwys om 'n klein kind van die waarheid omtrent die seksuele lewe te vertel. Hierdie waarheid moet hom stuk vir stuk bekend gemaak word, naardat sy behoeftes van tyd tot tyd openbaar word. Dit is verkeerd, ja byna wreed en misdadig, om kinders maar te laat voortgaan om halwe waarhede en verdraaide feite hier en daar op te vang, giftige gedagtes in te suig van bedorwe kamerade, seksuele boeke, vuil prente en gemene vertellings of deur skadelike persoonlike ondervinding op te doen.

Die groot moeilikheid is hoe om hierdie onderwerp by die kinders te introduceer, hoe om hul hierdie teer sake duidelik te maak. Ons glo dat kristelike ouers 'n goeie uitweg sal vind om hierdie moeilike en gewigtige saak op te los deur die volgende welbekende boeke van die predikant Dr. Sylvanus Stall en sy medewerkers in hulle kinders se hande te plaas:

„*Wat een Jongen behoort te weten*”; „*Wat een meisje behoort te weten*”, deur Mevrou Mary Wood-Allen (doktores); „*Privaat voor Jongens*”, deur Bisseker; „*Een heilige Tempel*” (voor mannen), deur Rev. F. B. Meyer, B. A.

Hierdie boeke is geskryf in suiwer kristelike gees, in reine taal en sal orals vrugbaar wees om baie sedelike, natuurkundige goed te stig. Geen wonder dat kristelike ouers en opvoeders oor die hele wêreld hierdie boeke sterk aanbeveel nie. Hulle is oorgesit in alle soorte tale, — wat 'n bewys is dat daar groot behoefte gevoel word aan sulke reine, verheffende en eerbiedwekkende literatuur as Dr. Stall se „*Self en Sekse Serie*”.

---

### 8. Hulsprente.

Dit verraai altyd 'n goeie en fyn smaak, en ook 'n sekere mate van beskawing, as iemand sy huis met goeie prente versier. En gewis het dit ook opvoedkundige waarde. Waar die kind van die vroegste jeug af die oog altyd op die aangename en skone vestig, daar kan dit nouliks anders of hy kry 'n oog en smaak vir die lieflike, die skone, die veredelende. En om altyd die veredelende te aanskou en gedurig daarmee om te gaan, veredel langsaam maar seker die hele mens. Maar helaas, watter totale „rubbish” sien ons tog dikwels aan die mure van baie wonings pryk! Verseker sou die huis daar baie beter af wees *sonder* as *met* sulke prente.

Vereers wil ons wys op prente wat 'n bepaald



onsedelike strekking het: vrouspersone nouliks of slegs half gekleed, of voorgestel in posiesies wat glad nie die toets van sedelikheid kan deurstaan nie. Vervloek is al sulke soort prente! Weg met hul almal! Die enigste geskikte plek vir hulle is die vuur.

Eenkeer het 'n leraar op 'n Sinode vertel hoe hy een van daardie soort prente in 'n huis in sy gemeente aangetref het en dit in die teenwoordigheid van die moeder afgehaal het van die muur af en tot haar gesê het: „Juffrou, dui my dit nie ten kwade nie, maar ek beskou dit as my heilige plig om u en u huis van hierdie smet te bevry.” Vervolgens het hy die prent voor haar oë met sy pennemes aan stukke gesny!

Lesers, laat sulke dinge onder u nie eers genoem word nie. Die hart is tog seker boos genoeg, sodat dit regtig onnodig is om nog die oog op een of ander wyse te prikkel. Die stof daarbinne is hoogs ontvlambaar; pas dan tog goed op dat daar geen vuur by ingegooi word nie. Nadat u dit gelees het, gaan al u prente sorgvuldig na en kyk of hulle wel van so 'n aard is dat hul in 'n kristelike huis-gesin kan gedoog word.

Maar daar is nog 'n ander klas prente waarteen ons 'n waarskuwende woord moet spreek. Ons bedoel die Roomse Bybelprente wat die mure van so baie wonings ontsier. Ons verwag om sulke prente in die huise van Rooms-Katolieke te kry, maar tog sekerlik nie in die van Protestante nie. Ons wil niemand hieroor te hard aanval nie, omdat ons daarvan

oortuig is dat die meeste wat dit betref, onwetend gesondig het. Maar nadat u hierdie stuk gelees het, sal u wel self bemerk dat hierdie prente opsetlik deur die Roomse vervaardig is om hulle valse leer orals ingang te doen vind en ons Protestantse geloof af te breek. Die vergoding van die maag Maria beklee hier 'n vername plek. Vandaar dat ons haar op daardie prente altyd omskyn sien met 'n stralekrans en partykeer, wat nog erger is, troon sy op die wolke soos 'n koningin van die hemel.

Ander weer, werk die priesterheerskappy in die hand. So is daar b.v. die monsteragtige prente waar in die een geval swart engels van die Satan klaar staan om 'n sterwende persoon na die hel te sleep, net omdat hy die kruis in die hand van die priester nie wil aansien nie; in die ander geval waar blinkende engels 'n sterwende na die hemel gaan dra, omdat hy die kruis of die krusifiks omarm het. Dat dit 'n bepaalde slag in die aangesig van die Protestant is, kan 'n ieder begryp.

Dan is daar die voorstelling van die Apostel Petrus met twee groot sleutels in die hand. Dit is natuurlik, volgens die Roomse leer, die twee sleutels van die koninkryk der hemele, waarmee hy dit kan oop- en toesluit. Kan 'n mens jou iets meer Rooms as dit voorstel?

So sou ons die voorbeelde byna tot in die oneindige kan vermenigvuldig. In die algemeen behoort ons baie versigtig te wees met die aankoop van s.g. Bybelprente wat deur allerlei smouse van die hand gesit word. In die

meeste gevalle is hulle bepaald Roomse prente en daarom vir Protestante verwerplik.

'n Prent met die voorstelling van die Heiland met dorings gekroon of aan die kruis, kan slegs tot aanbidding stem, mits daaraan ook geen Maria-vergoding verbonde is nie.

Voorstellings van pragtige bosse of berge en van 'n grootse sonsopgang of -ondergang, of ander natuurtonele sal altyd 'n weldadige invloed op die gemoed uitoefen..... hulle is in elk geval verkiesliker as bowegenoemde prente of ook as die beelde van konings van vreemde lande wie se name ons nie eers ken nie.

Van harte vertrou ons dat wat hierbo gesê is, ons lesers enigsins sal help in die keuse van die prente wat hulle huise moet versier.

---

## HOOFSTUK VII.

---

### ONS TOEKOMSTIGE LEIDSMANNE.

---

#### I. Die toekomstige Leierskap van die Kerk<sup>1)</sup>.

Dit is die tittel van 'n baie belangrike boek uit die pen van Mnr. J. R. Mott, M. A. Hy is die Algemene Sekretaris van die Wêreld Kristelike Studente Assosiasie, in watter betrekking hy Suidafrika ook al 'n besoek gebring het. Deur sy reise in alle dele van die wêreld is hy in staat gewees om die toestand van byna elke afdeling van die Protestantse Kerk te beskou.

In hierdie boek wys hy op die groot behoefte van die Kerk, die behoefte aan meer, en beter toegeruste leidsmanne. In die bespreking van hierdie behoefte wys die skrywer in een van die hoofstukke op die invloed wat die kragtigste op die jongeling inwerk om hom tot evangeliebediening te lei. Onder dié invloed noem hy

---

<sup>1)</sup> *The Future Leadership of the Church*, by John R. Mott, M. A., General Secretary of the World's Student Christian Federation. 'n Boek wat deur ouers en veral deur lerare dien gelees en herlees te word. Verkrygbaar by die Sekretaris van die Chr. Studenten Vereniging, Stellenbosch.

as nommer een die invloed van die *kristelike huisgesin*. Hy toon aan dat noukeurige ondersoek bewys het dat in alle dele van die kristelike wêreld die groot meerderheid van jongelinge wat leraar word, die eerste spoorslag in daardie rigting ontvang het, toe hulle nog kinders onder die ouderlike dak was. Dit was vader se uitgesproke begeerte en moeder se verborge gebed wat tot die keuse van die evangeliebediening gelei het. In baie gevalle vervul die kind onbewus die begeertes van die ouderhart.

Mnr. Mott noem in hierdie verband die ge-seënde Murray-famielie in ons Kerk. Dit is wat hy sê: „Die gesin van Ds. Andrew Murray in Suidafrika lewer 'n merkwaardige voorbeeld van die invloed van die kristelike tuiste. Van die elf kinders wat groot geword het, is daar vyf van die ses seuns predikante en vier van die vyf dogters predikantsvrouens. Die geslag wat hierop volg, het 'n nog treffender resultaat te vertoon; tien van die kleinseuns is predikante en dertien is sendelinge.”

Met die voorgenome plan om die verskillende state en Nederduits Gereformeerde Kerke van Suidafrika te verenig, is ons volk, na alles wat in die laaste jare plaasgevind het, tot 'n baie gewigtige keerpunt in sy geskiedenis gekom. Meer as ooit tevore is daar nou groot behoefte aan bekwame, godvrugtige leidsmanne, nie alleen in die Kerk, maar ook op staatkundige gebied. Waar moet ons toekomstige leidsmanne hulle eerste en vernaamste opleiding tot die taak wat hul wag, ontvang? — Antwoord: In die Kristelike Huisgesin. Daar moet hulle die ware

vaderlandsliefde, gegrond op liefde tot God, deur die ouers ingeprent word. Van die ouers moet die kind leer om sy Kerk, sy Volk, sy land, sy taal lief te hê — so lief dat wanneer God kom om hom tot diens in die Kerk of in die staat te roep, hy met 'n gewillige hart sal sê: „Hier is ek, stuur my.”

---

## 2. Die Plig van Ouers om hulle Kinders toe te spreek oor die Heilige Evangeliebediening en die Wyse waarop dit gedoen kan word.

(Ds. C. T. Wood, M.A., dosent aan die Opleidingskool, Wellington.)

Dis ongetwyfeld dat die voorsiening van werkers vir die koninkryk van God groteliks afhang van die gees in die kristelike huisgesin en die invloed van kristelike ouers.

Waar sal die predikante en sendelinge van die toekomstige geslag gekry word? Hulle is nou klein kindertjies wat nog aan die voete van hulle moeder speel of juis begin skool-toe te waggel. Die kragtigste invloed in die jeugdige lewens is, of behoort te wees, die invloed van 'n godvresende vader of moeder.

Vader en moeder! laat hierdie vraag 'n seer persoonlike saak met u word: „Beïnvloed ek my kinders ter ere van God?” — Natuurlik verlang u om u liewe kindertjies eenmaal veilig in die arms van Jesus te hê. U is begerig dat hulle tot bekering sal kom en gered word. Dit

sou 'n onuitspreeklike angs vir u wees om te veronderstel dat hulle vir ewig verlore moes gaan. Maar is u hierin nie in gevaar om toe te laat dat u ouderlike liefde in louter selfsug ontaard nie? Daar is een ding wat u sal red van hierdie gevaar van selfsug, en dit is 'n diepe liefde vir die eer van God en vir die uitbreiding van Sy koninkryk — 'n liefde wat van u besit moet neem in die opvoeding van u kinders, u gebede vir hulle en u planne vir hulle toekomstige welsyn.

Liewe ouers, party van u sal miskien 'n sware stryd te stry hê met uself voor u gewillig sal wees om u kinders toe te laat om na die verre sendingveld te gaan, maar as God u kind tot die sendingwerk roep, laat Hy u dan tog nie strydende teen Hom en teen die welvaart van u kind vind nie. Daar is ander weer wat God sal dank, as hulle kinders tot so 'n heilige werk geroep word.

Beskou: I. *U wonderlike geleentheid*; II. *U wonderlike verantwoordelikheid* en III. *Die dryfvere* wat u moet beheers in die beïnvloeding van u kind om sy of haar lewe te bestee tot die uitbreiding van die koninkryk van God. En onthou dat nie alleen die jongetjies, maar ook die meisies vir hierdie werk benodig is.

*Die geleentheid van ouers om die kind te lei om sy lewe aan die werk van die Heer toe te wy.*

God het die eensame in huisgesinne gesit (Ps. 68 : 7), want Hy het begeer om aan vaders

en moeders die kostelikste geleentheid te gee om hulle kinders te beïnvloed om die werk van Sy koninkryk as hulle lewenswerk op te neem.

(1) *Die kennis van die ouers* maak hulle geleentheid gewigtig groot. Terwyl die kinders onkundig is, weet ouers die waarheid. Kristelike vaders en moeders, u ken die behoeftes van die duisend-miljoen Heidens sowel as die behoeftes van die Kerk tuis — die behoefte aan leraars (Matth. 9 : 38, 39); u weet dat dit die roepstem van God is om te gaan en die evangelie aan alle kreature bekend te maak (Mark. 16 : 15); u weet dat Kristus toegewyde manne en vrouens nodig het om Hom as Koning te verklaar (Matth. 4 : 19); u weet dat die Here Sy rykste seëninge aan dié gee wat hierdie werk doen (Matth. 14 : 23; Dan. 12 : 3).

Miskien weet u hierdie dinge met te min sekerheid vir uself, liewe ouers. U moet dan toesien dat u kennis oor hierdie sake duideliker en klaarder word (Luk. 1 : 4), sodat u hierdie groot waarhede waarlik in die hart en die gemoed van u kinders mog kry (Ps. 78 : 5 - 7).

Skrywer hiervan dank sy predikant-word aan sy vader en moeder wat die behoeftes van die saak van God geken het en wat nie versuim het om hulle kinders ook omtrent hierdie dinge te verwittig nie. So was die begeerte om die evangelie van Kristus, indien moontlik, aan die Heidens te preek, een van die vroegste begeertes in die hart van die skrywer. In die kristelike huisgesinne van Suidafrika moet die werk van die aanwrf van die geestelike leidsmanne van die land gedoen word.



(2) *Die krag van die woord* van ware ouers op hul kinders maak hul geleentheid groot. In die goedbestuurde huisgesin luister die kinders na en gee hulle ag op wat vader en moeder sê (Ef. 6 : 1). Geen woord val vrugteloos op die grond nie, maar soos goeie saad in goeie aarde.

Liewe ouers, dit is veral waar, wanneer u die boodskap van God aan u kinders bring (Matth. 13 : 8) en probeer om hulle te beweeg in belang van die werk van God se koninkryk. Natuurlik u sal u kind nie dwing en hom nie oor-beïnvloed om enige vorm van lewenswerk op te neem nie.

Die kind moet sy eie keuse doen, maar u kan hom heeltemal duidelik maak dat geld en wêreldse voorspoed in u oordeel nie te vergelyk is met die groot geestelike belange van die koninkryk van God nie; dat u nie alleen nooit u kind sal hinder om in te gaan vir een of ander bepaalde vak van kristelike werk nie, maar dat u God sal dank soos Hanna van ouds (1 Sam. 2 : 1) vir die voorreg om 'n kind vir daardie werk te gee.

Daar is nog 'n saak: u kinders word baie makliker bewoë deur u voorbeeld as deur enig iets anders. Daarom moet u woorde waar wees. U woorde en u lewe, u praat en u voorbeeld moet ooreenstem. Dit moet heeltemal duidelik wees dat u hart 'n groot liefde vir Kristus en Sy koninkryk het, en dat u dit 'n groot vreugde sal ag selfs as u vir daardie koninkryk moet ly.

(3) *Die vatbaarheid van die kindsheid* maak die geleentheid van die ouers groot. Die in-

drukke wat in die vroegste kindsheid ontvang word, is diep en blywend. Moeders wat deur geloof en liefde in Kristus Jesus werk, kan kindertjies leer om die Here Jesus en Sy koninkryk so lief te hê dat hierdie liefde sal voortduur om die beheersende beginsel van die kinders se lewe te bly, totdat hulle eindelijk hulself sal gee tot die opbou van die koninkryk van die Verlosser. „Leer de jongen de eerste beginselen van de eis zijns wegs; als hij ook oud zal geworden zijn, zal hij daarvan niet afwijken” (Spr. 22 : 6).

(4) *Die gebed* is die kroon van u geleentheid om u kinders te beïnvloed vir die werk van die koninkryk van God. Die gebed is feitlik die begin en die end van die geleentheid. U woorde kan maklik vrugteloos wees selfs tot u eie kinders. Maar as u „u kind tot Jesus bring” (Matth. 17 : 17), Hy is magtig om te roep en in Sy diens te gebruik sowel as om te red en te bewaar. Die beïnvloed van kinders vir die Heer se werk, is ’n geestelike werk. Dit sal vir u nutteloos wees om u kind te beweeg om ’n predikant of ’n sendeling te word, tensy God hom roep. Hy sou sonder die roeping kan gaan, maar in daardie geval sou hy slegs ’n hinder wees.

Daarom, vaders en moeders, wat u ook mog doen om u kinders in hierdie rigting te beïnvloed, bo alle ander dinge: *bid*. Dawid gee ons ’n voorbeeld van ’n ouer wat trou is in die gebed (in 1 Kron. 29 : 19). Paulus wat vir sy geestelike kinders bid, is ’n nog wonderliker voorbeeld (1 Thess. 2 : 12; 2 Thess. 1 : 11).

*Die verantwoordelikheid van ouers om die eise  
en aansprake van die koninkryk van God  
aan hulle kinders voor te lê.*

Die kostelike geleentheid om u kinders te beïnvloed maak u verantwoordelikheid baie gewigtig:

(1) Dit is *u* verantwoordelikheid. U mag nie sê dat dit die verantwoordelikheid van die Kerk en die leraar is om die aansprake van die koninkryk van God aan die jeug duidelik te maak nie. Seker, dis ook hulle verantwoordelikheid, maar die verantwoordelikheid rus veral op die ouers.

Ouers, u moet die kinders van uit u standpunt die erns van die lewe, die werklikheid en sedelike verantwoordelikheid en die aansprake van God op die onverdeelde diens van Sy kinders leer beskou. Dan sal u saam met die Kerk en die leraars God se mede-arbeiders wees om die benodigde werkers vir Sy groot wit-ryp oesveld te verskaf.

Kyk rondom u en merk op die groot aantalle manne en vrouens wat wêreldlike beroepe kies, sodat die skare mekaar verdring, terwyl die wingerd van ons Heer 'n skreiende behoefte het aan arbeiders. Dink aan die skreiende behoeftes van die arme blanke in ons land. Hierdie behoeftes sal slegs dan aangevul word, wanneer praktiese en geestelik-verligte werkers gevind sal word in die huisgesinne van Suidafrika om hulle aan die arme blanke en hul welvaart toe te wy. Kristelike ouers wat hulle plig teenoor hul kinders sien en doen, kan baie

meer as enig iemand anders doen om hierdie toestand van sake te verander. Hierdie feit dat u iets kan doen, maak die feit van u verantwoordelikheid so veel meer duidelik en kragtig.

Verlang u dikwels om 'n ware en opregte werk vir God te doen? U behoef dit nie ver te soek nie; dit is naby u; dit is hierdie plig aan u eie geliefde kinders; dit is hierdie plig aan u behoefte medemens; dit is hierdie plig aan God; — hierdie plig om vir die gemoed van u kinders die wonderlike uitsig van die diens van Kristus in die evangeliebediening, onder die arme blanke en in die sendingveld te open.

(2) Die verantwoordelikheid is meer besonderlik *uwe*, geliefde kristelike ouers, omdat die kinders *uwe* is. Hulle is onder u invloed en beheer, soos hulle onder niemand anders ter wêreld is nie. Niemand het so 'n toegang tot hulle, en niemand anders is ook so toeganklik tot hulle as u. Niemand tog het hul so lief as u, en hulle bemin geen ander menslike wese soos hul u bemin nie. Wat 'n verantwoordelikheid is daar opgeslote in u herhaalde en selfs voortdurende geleentheid om hulle te beïnvloed!

God sal eendag rekenskap eis van die gebruik van hierdie verantwoordelikheid. Mog Hy u genade gee om altyd Sy wil te doen met betrekking tot u kinders, sodat u voor Hom met vreugde en nie met skande mog verskyn nie. Vervloek u kroos nie deur vir hulle die groot dinge van hierdie wêreld te soek nie, terwyl

die oneindig groter dinge van die koninkryk van God hul uitnoui om in te gaan en in besit te neem.

*Die baie dryfvere wat u mag inspireer om u kinders in die lewe van bepaalde kristelike diens te lei.*

Die feite van u geleentheid en verantwoordelikheid verstrek sterk dryfvere in hulselwe.

(1) *U liefde vir u kind* mag u lei om 'n plek vir hom in die Here se wingerd te begeer. U verlang sekerlik dat u kind gelukkig sal wees — gelukkig in die hoogste sin; want dit sal in die hoogste graad bydra tot sy ware geluk.

Die velde van morele en geestelike diens in die evangelie is nie alleen die wydste en behoefstigste nie, maar van alle kringe van werksaamheid wat hul voordoen, bied hulle die werker ook die grootste vreugde en die hoogste saligheid aan. Dink aan die vreugde om in die diepste behoeftes van die mens te kan voorsien deur hom tot die Kristus te lei wat die verlange na die vergifnis van sonde deur Sy dierbare bloed en die dors na geestelike krag en sedelike oorwinning en die hunker na die gemeenskap met God deur Sy heilige vriendskap kan versadig. Dit is die werk waarin engels begerig is om in te sien (1 Pet. 1 : 12), maar dit het God behaag om mense as Sy mede-arbeiders in hierdie hoë voorreg te roep (1 Kor. 3 : 9).

*U liefde vir u kind* mag u gemaklik lei om dit vir hom te begeer dat hy eenmaal aandeel mag hê in hierdie diens. As u aan die lewe

dink van sulke manne soos die geliefde ontslape Professor Hofmeyr, wyle die WelEerw. Dr. Andrew Murray en aan ander wat in kleiner kringe 'n lewe van groot nuttigheid voer, dan kan u gemaklik insien dat die bedienaars van die evangelie ons land gedien het met 'n diens wat uit die hemel gebore is. Wat 'n voorreg om die ouers van sulke diensknegte van die Here te gewees het en om van God gebruik te gewees het om hulle te beïnvloed om hierdie hoë en heilige roeping op te neem! Maar u liefde vir u kind, geliefde ouers, moet onderworpe wees aan 'n hoër aandrif wat u ouderliefde van dwaling sal vrywaar.

(2) U mog begeer om u seun of dogter aan die sendingsaak te gee weens *die verskriklik groot behoeftes van die Heidens*, hulle ysingwekkende getalle ('n honderdmiljoen in Afrika alleen, die Mohamedane nie eers bygereken nie), die wreedheid van hulle bygelowige godsdienste. Dis maklik genoeg om hierdie mense wat diep in die duisternis gesink is, te bejammer met 'n medelyde, diep genoeg om u te beweeg om u beste te gee soos die hemelse Vader Sy Beste gegee het (Joh. 3 : 16). Maar vir u is daar 'n hoër dryfveer as hierdie.

(3) *U liefde tot God, u toewyding aan Jesus en Sy koninkryk* is 'n baie veiliger dryfveer as u liefde vir u kind en die Heiden. U liefde tot God plaas u in 'n gewillige onderwerping aan Sy wil met betrekking tot die lewenswerk van u kinders. Dan word u nie gedronge deur die strewe om uself te behaag of om vir u kind 'n hoë plek te wen nie, maar u begeerte is om

God te behaag (2 Kor. 5 : 9). Dit bring u op u knieë — om die saak van die lewenstaak van u kind voor God te lê — en u kind te bring as 'n offer van u liefde vir Kristus wat Sy lewe vir u gegee het.

(4) Maar daar is vir kristelike ouers nog 'n dieper dryfveer: „*Die liefde van Kristus* dring ons” (2 Kor. 5 : 4). Liewe ouers, God gee Sy eie liefde in ons harte om ons motlewe te suiwer en heilig in Sy oë te maak, om ons gewillig te maak vir enige opoffering hoe groot ook.

Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat ons gegee is (Rom. 5 : 5). As u u ouderliefde oorgee aan die invloed van die goddelike liefde, dan sal die toekoms vir u en u kind sowel hier as in die ewigheid helder wees met die heerlijkheid van God.

Daar is verskillende maniere waarop ouers hulle kinders kan beïnvloed om in te gaan vir kristelike diens.

(1) U kan dit doen deur getrou met hulle oor goddelike sake te praat, deur u eie ernstige voorbeeld en deur u onmisbare gebede. Dit sal u as 'n ouer iets kos om in kennis en aanraking met die feite omtrent die uitbreiding van die koninkryk van God en die behoeftes van die werk te bly. Dit sal vir u nodig wees om die sending- en die kerkblaai te lees, as u die feite wil weet. Ongelukkig is baie van die beste literatuur oor hierdie onderwerpe nog nie in Afrikaans of Hollands verkrygbaar nie.

As dit u moeilik val om met die kinders te

praat, dan kan u goeie boeke kry om aan hulle voor te lees. Die skrywer herinner hom goed hoe sy moeder, toe hy nog 'n kind was, die kleintjies op Sondag bymekaar laat kom het vir wat sy die „Sons-ondergang uur” genoem het. Dan het sy sendingsverhale aan hulle voorgelees, en moes elke kind vir die Heidens en die sendelinge bid.

(2) Wanneer die kinders self kan lees, kan u goeie leesstof in hulle hande plaas en hulle aanmoedig om die feite van die koninkryk van God in sy teenswoordige groei te lees en te bestudeer. Nuttige boeke oor die sending is byna by alle boekhandelaars in ons land verkrygbaar.

### 3. Die Invloed van 'n Moeder in die Vorming van Godsgesante.

Een van die voortreflikste manne wat ooit deur die Gereformeerde Kerk in Amerika as sendeling uitgestuur is, was Jacob Chamberlain wat nie alleen Doktor was in die godgeleerdheid nie, maar tewens in die medisyne. Baie treffend is wat hy vertel van hoe hy gelei geword is om sendeling te word en wat *die aandeel van sy moeder* in dié leiding was. Ons wens een en ander van sy verhaal terug te gee, in die hoop dat baie moeders in ons land, wat die Heer innig bemin, bewoë mog word om ten opsigte van hul kinders die voorbeeld te volg van haar wat, volgens haar seun se beskrywing, die verheerliking van haar Heer bo alles gestel het.



Dr. Chamberlain sê: „Ek het die sendingsgees saam met moeder se melk ingedrink. Vader en moeder het albei 'n diepe belang in die sendingsaak gestel. Dikwels het hulle sendelinge wat terwille van hulle gesondheid tydelik teruggekeer het, na ons huis toe genooi. Op hierdie manier het ons, kinders, met sendelinge en sendingwerksaamhede so goed bekend geraak dat, toe ek eindelijk self gereed was om as sendeling uit te gaan, daar geen sendingsveld was waarheen ek kon gestuur word, waar ek nie persoonlike kennis en vriende had nie om my in die werk te verwelkom.

En nie alleen dit nie, maar ons moeder het die gewoonte gehad om al haar kinders na haar stil kamer te neem en daar met hulle oor sendingbelange te praat, nie net vir ons self nie, maar ook vir die wat in die duisternis sit en na wie ons moontlik ook as ligdraers kon gestuur word. Ons het altoos saam met ons ouers na sendingbyeenkomste gegaan, en moeder het ons altyd met planne gehelp om ons eie geld te verdien om vir sendingskollektes te gee. En met groot lus het ons almal geywer om die geld te verdien en gulhartig te gee.

Hoewel ek daardie tyd groot belang in die sending gestel het, had ek geen idee dat ek self 'n sendeling sou word nie. Intendeel, ek was vir glad 'n ander lewe bestem. My vader was die besitter van 'n mooi plaas. Hy was gedurig siek en het hom voorgeneem om my 'n opvoeding as boer te gee, sodat ek as ontwikkelde boer die boerdery kon voortsit en vir hom en moeder op hulle ou dae sorg.

Dit het volkome ooreengestem met my begeerte, en ek het nooit aan 'n ander lewensloop gedink nie. My belangstelling in die sending het my dikwels laat oorweeg hoe ek die sendingsaak die beste sou kon ondersteun, as ek eendag groot sou wees. Dit staan my nog duidelik voor die gees hoe ek, toe ek vyftien jaar oud was, oorweeg het hoe ek verbeterings sou kon aanbring om die plaas meer winsgewend te maak.

Terwyl ek op 'n heuwel staan het ek God met voorbedagtheid 'n gelofte gedoen dat, indien Hy my sou seën en my in staat sou stel om my ouers en my eie famielie te versorg, en dit vir my moontlik sou wees, sou ek myself verantwoordelik stel om een sendeling in een of ander heidenland heeltemal te onderhou as my deel aan die verkondiging van die Evangelie aan die hele wêreld. Nadat ek hierdie plegtige belofte gemaak het, dag ek maand na maand daaroor na en het dit dikwels vernuwe as die groot doel van my lewe.

Nooit het ek vir 'n oomblik kon dink dat God moontlik sou wil hê dat ek self 'n sendeling moes word nie wat deur ander kinders van Hom onderhou sou word.

In daardie jare egter het my 'n reeks van ongelukke oorkom. Dit het byna my lewe gekos en my, vir 'n tyd altans, ongeschik gemaak vir die swaer arbeid aan die boerdery verbonde. Dit het gelyk of dit vir my die beste sou wees om vir 'n paar jaar skool-toe te gaan. Gedurende dié skooltyd is ek deur sekere voorvalle bepaal by die gedagte of

dit nie my plig was om self sendeling te word en of dit nie juis God se bedoeling met my was om deur die ongelukke my van die boerdery weg te neem nie. My belangstelling in die sendingsaak was egter só groot dat ek dié gedagte dadelik beantwoord het deur met eerlikheid te sê: ‚Wel, as God dit met die ongelukke bedoel het, dan is ek seker bereid om te gaan, as dit met my plig teenoor my ouers kan ooreenstem, veral waar my krank vader so lank reeds, en met soveel liefde, oorlê het dat ek die boer moes wees en vir hom en moeder moes sorg.’

Vir maande lank was daar blykbaar geen uur van die dag dat ek nie aan my verpligting teenoor my ouers en die Heidens gedink het nie. Ek het baie ernstig oor die saak gebid. Eindelik het ek tot die besluit gekom dat, as my vader, na al sy planne en voorbereidsels, gevoel dat hy my met gewilligheid sou afstaan, ek sou besluit om sendeling te word.

Nadat ek my matrikulasie-eksamen deur was, het ek gevoel dat ek tot ’n beslissing moes kom. In ’n onderhoud met my vader het ek probeer om te wete te kom wat hy oor die saak dink. Ek het voor sy siekbed gaan staan en gesê dat ek openhartig met hom wou praat. Sy antwoord was: ‚Wel, my kind, praat maar, ek luister.’

Toe het ek hom vryuit vertel wat my maande lank besig gehou het, en waarvan, soos ek gemeen het, hy niks wis nie. Ek het daarby gevoeg dat, as hy dink dat hy my kon afgee, na al die jare van planne maak, ek gevoel het dat ek sendeling moes word.

Terwyl ek gepraat het, het hy daar gelê met sy hoof op sy hand en my strak aangekyk met 'n blik van diepe liefde wat van 'n bewoë gemoed getuig het. Toe ek eindig, vra ek: 'Wat dink Pa nou daarvan?'

Met liefde en erns het hy my aangekyk en eindelik gesê: 'My kind, ek het al maande gelede geweet dat jy besig was om oor hierdie saak te dink' (hoe hy dit wis, het ek nooit uitgevind nie) 'en menige nag het ek vir ure wakker gelê en God gebid dat, indien Hy jou dit sou duidelik maak dat jy sendeling moes word, Hy my die genade moes gee om ja te sê. En Hy het my die oorwinning gegee. Geen Heiden sal my in die oordeelsdag beskuldig dat ek 'n seun van my verhinder het om hulle van Jesus Kristus, die Verlosser van sonde, te gaan vertel nie. Gaan! en jou vader se seën gaan met jou. Ons sal glo dat God vir jou moeder en my sal sorg. Hy kan, en Hy sal dit doen.'

Van toe af het ek nooit daaraan getwyfel nie dat dit my plig was om sendeling te word. Ek besluit toe om die best moontlike voorbereiding vir my lewenswerk te kry en om my vakansies gedurende my lang teologiese en mediese studie soveel moontlik met my krank vader deur te bring. Eenkeer het ek vir tien dae huis-toe gekom, omdat my vader baie swak was, en my teenwoordigheid het hom tot groot troos geblyk. Hy wis dat ek 'n groot afstand gekom het, omdat ek verneem het dat hy swak was.

Eendag sit ek in sy kamer en studeer. Ek

kyk op en sien dat sy oë op my gevestig is. Met 'n gevoelvolle stem sê hy: ,O, my seun, wat sal ek doen, as jy aan die anderkant van die aarde is en nie huis-toe kan kom om my op te beur nie, wanneer ek so swak is?'

,Vader,' antwoord ek, ,dit is vir my nog nie te laat om van plan te verander nie, as my plig as kind dit vereis. Wil u hê dat ek die saak weer in oorweging moet neem?'

,Nee, nee!' het hy uitgeroep, ,ek sal my nie skuldig maak om 'n gawe wat ek eenmaal op die altaar gelê het, weer terug te neem nie.'

Ek het nooit getwyfel dat my moeder my besluit sou toejuig nie, al kos dit haar ook wat, want sy was die toegewydste vrou wat ek ooit geken het. Gedurende my skool, teologiese en mediese studietyd, het sy wat ook in haar vermoë was gedoen om my so goed moontlik voor te berei. Toe ek eindelijk geordend en gehuud was, en ons op die punt gestaan het om na ons werk in Indië te vertrek, het my moeder 'n stil onderhoud met my gehad om my te vertel wat ek nooit vermoed had nie.

Na my geboorte nl. het sy, as die eerste werk wat sy gedoen het nadat sy van haar bed opgestaan was, my, haar eersgeborene, alleen na haar kamer geneem en op die altaar van God gelê en my as 'n *buitelandse sendeling* aan Sy diens gewy, indien Hy dié gawe wou neem en Self my tot dié werk wou roep. Sy het hierdie toewyding jaarliks vernuwe en God gebid dat Hy Self op Sy tyd en wyse Sy roepstem deur my sou laat hoor. Sy sê dat sy nooit

kon toelaat dat ek hiervan iets sou weet nie. Indien ek waarlik 'n sendeling sou word, dan moes ek dit word, omdat God Self my geroep het en nie omdat my moeder my toegewy het nie.

Gedurende my jongelingsjare het sy altyd in die verwagting gelewe dat ek die stem van God op een of ander wyse sou hoor en daaraan gehoor gee. Sy had dit nooit aan my vader vertel nie, omdat, vandat ek gebore was, dit gelyk het of hy sy hart daarop gesit het dat ek hom as 'n welopgevoede boer sou opvolg. Maar sy het al die tyd daar seker van gevoel dat indien God my so sou roep, hy, hoe swaar dit hom ook sou val, sy toestemming sou gee, soos hy dan ook gedoen het.

Nadat ek op die punt gestaan het om na ons werk in Indië te seil, het sy gedink dat dit my 'n blydskap sou wees om te weet dat dit die saak was waartoe sy my by my geboorte toegewy had en waar sy gedurende vier-en-twintig jaar om gebid het. En dit was nie al nie. Sy had die gelofte gedoen om my sonder 'n traan af te gee, en die môre toe ons na die skip sou vertrek, het sy met 'n gelaat oordek met 'n heilige glans voorgekom, en toe ons verlaas met ons hande in mekaar, in mekaar se liefdevolle oë vir die laaste maal op aarde kyk, sê sy met die diepste teerheid, maar met 'n vaste stem en sonder dat daar 'n skyn van 'n traan in haar oë te sien was — want sy het die halwe nag om krag gebid —:

„Nou, my seun, vaarwel. Ek gee jou nou maar terug aan die Meester wat jou vir hierdie vier-en-twintig jaar aan my geleen het om vir

Hom op te voed. Ek het probeer om dit te doen. Nou gee ek jou met blydschap aan Hom terug. Wanneer julle Indië bereik, sê dan aan jou suster Anna dat ek jou sonder 'n traan afgegee het, soos ek haar afgegee het, toe sy my om Jesus ontwil verlaat het. Ek sal jou moontlik nie weer op hierdie aarde sien nie, maar ons sal baie tyd hê daarbo in die sonskyn van ons Heiland se aangesig om oor al hierdie dinge te praat. Mog Hy jou in staat stel om baie gerwe in Sy skuur te bring!

En sonder 'n traan het sy haar laaste geheiligde kus op ons lippe gedruk en gestaan en kyk hoe ons in die rytuig stap wat ons na die trein geneem het wat ons na die hawe sou voer waarvandaan ons sou seil.

Dié moeder van my had haar hele lewe lank 'n wonderlike invloed oor jongelinge, en sy het daarvan goed gebruik gemaak. Oor haar ope graf het die hoof van die Kollege gesê dat dit bekend was dat sy die middel was van die bekering en die afsondering tot die Evangeliebediening van meer as veertig jongelinge van wie die meerderheid sendelinge in die buiteland geword het.

Geliefde, geluksalige moeder, is ek die middel gewees om siele in Indië vir die Heer te wen, dan weet Hy dat daardie siele sterre moet wees nie in my kroon nie, maar in my moeder s'n!"

Moeders! wy u kinders en voed hulle op hierdie wyse op, en wees also gehoorsaam aan die bevel van u Heiland: „Gaan in die hele wêreld!" En vaders, stuur die seuns en dogters

uit en onderhou hulle. Stuur hulle in duisend-talle. en u sal u beloning in heerlikheid ontvang.

---

#### 4. Die Invloed van die Onderwyser.

Onderwysers het byna net so'n groot geleentheid om die kind te vorm as die ouers. In die kind se oog het hy wellig 'n hoër standpunt as die ouers. In die reël is hy goed opgevoed en beter geleerd as die ouers. Op hierdie gronde stel die kind dus in hom 'n byna onwankelbare vertrouwe, gehoorsaam hom geredelik en neem gouer iets van hom aan.

*Saam met die ouers* lê hy die fondament, die eerste grondslae. En van hierdie grondslae hang die hele toekoms van die kind af. Sy verantwoordelikheid is in baie opsigte groter as die van die ouers, want hy het ruim soveel tyd van die kind se lewe in sy hande, behandel in daardie tyd 'n ruimer veld van onderwerpe en wek soveel meer dele in die bestaan van die kind op. Deur die kinders reinheid en netheid in te prent, werk hy aan hulle liggame. Deur die verskillende voorgeskrewe onderwerpe te behandel, werk hy op die verstand. En deur godsvrug en heilige wandel wek hy hoër, edel gedagtes in die kind se hart. Al sou albei ouers die huis vinnig opbou — een onderwyser breek alles maklik af.

Ons sê dikwels: „Hy is tog 'n knap man, maar hy had ook so'n knap onderwyser.” Die diepsinnigheid, skerpsinnigheid en helderheid



van Paulus het hy aan die voete van sy leermeester, Gamaliël, geleer; selfverloëning en opoffering aan die voete van die Leermeester Jesus Kristus. As die disiepels van ons Heiland Hom nie gehad het nie, dan sou hulle nooit sulke manne gewees het nie. Elisa kon geen wonders doen nie voordat die mantel van sy leermeester Elia op hom geval het.

Johannes Huss het die groot Boheemse Hervormer geword deur die lees van die werke van Wycliffe, die Hervormer van Engeland, wat hom tot nadink en bekering gelei het.

*Soos die onderwyser is, so is ook die kind.* Ons ken seker uit ons eie lewe voorbeelde genoeg van goeie onderwysers wat tot seën in die gemeente was, of van slegtes wat hulle kwaad verdubbel gesien het in die nageslag wat onder hulle opgegroeï het. Moontlik kan u u, ouers! onder een van daardie voorbeelde tel! Waak dan vir u kind!

Hieroor dink ouers nie genoeg na nie, en dikwels vertrou hulle hul kinders toe aan persone wie se egtheid van karakter baie twyfelagtig is en wat geensins onbesproke van wandel is nie. Die verderflike saad wat gesaai word deur die ongepaste maniere, onbetaamlike woorde en onkristelike wandel, kan nooit weer uitgeroeï word nie, en die kind loop daar tot oorlas van maatskappy en Kerk, tot skande vir onderwyser en ouers.

Ander ouers is daar weer wat hulle kinders stuur na *skole van kerkgenootskappe* waar hulle weet dat die kind geleer word om Jesus te verag en die priester bo Hom te bemin; waar

die kind geleer word om goeie werke te doen, en die hemel is gewen; waar die kind geleer word om alle ander kerkgenootskappe te haat, ja hul te vervloek. Ons bedoel Roomse skole. Sulke skole verblind die oë van baie ouers in ons land, totdat dit te laat is, totdat die boom val en bly lê soos hy geval het.

Dis asof ons slaap. Die toekoms, ja, die saligheid, die siel van die kind, word toevertrou aan sulke persone en — ons slaap. Leraars, vriende en ander roep en waarsku, maar — ons slaap. Dis vrede en geen gevaar nie! Kinders wat onder daardie invloede opgegroeï het, is manne geword, en die mislukking van hulle lewe is tot waarskuwing — en nog slaap ons! Wanneer sal ons wakker word? Dan, wanneer ontwaak slegs berou en geen herstel meer bring nie!

'n Vriend in Amerika het met sy kind van 'n paar jaar oud vir 'n wandeling gegaan. Dit was so teen die aand. Hy gaan onder 'n boom lê en raak aan die slaap. Sy kind dwaal weg van hom af. Hy ontwaak om te ontdek dat sy kind weg was. Ontsteld en bedroef loop hy heen en weer en soek na sy kind. Die spoor lei hom eindelijk na 'n diep afgrond, en 'n paar honderd voet diep sien hy die verpletterde lykie van sy dierbare kind. *Die vader aan die slaap, en die kind verlore.* Die afgrond van verderf is in gindse ewigheid eers in sy aaklige diepte en ellende te sien. Menige vader of moeder sal daar eers ontwaak en hulle verlore kinders mis. Leser, mog God verhoed dat dit die lot is van u en u huis!

---

## 5. Die aankweek van ware Vaderlandsliefde by die Kinders.

(Deur Mnr. P. J. Cillié Dsn., Wellington).

Ons lewe in 'n tyd waarin die stroom van die beskawing so sterk vloei dat vele saamgevoer word sonder dat hulle dit eers opmerk, en die groot behoefte is, oë om die gevaar te sien en die onvermydelike en treurige gevolge wat daaruit voortvloei, te bereken. Dis dan ook sonder twyfel die plig van alle voorgangers om die basuin te blaas, sodat die volk gewaarsku kan word, en as iemand hom verhard, dat hy dan vir sy eie rekening in daardie stroom saamdryf.

Maar dit gebeur wel dat selfs voorgangers in die kerk, ook onderwysers, ja selfs ouers die gevaar wat die tydgees veral op die jong geslag uitoeven nie insien nie. En waar lê die fout? In die eerste plaas by die ouers. Dit is waar, geen ouer het die mag om die kind te hervorm en te heilig nie; dit is die werk van die Heilige Gees; nogtans het die Here baie dikwels die ouers gebruik as die middels en wegbereiders om die kinders vir land, volk, Kerk en die ewige lewe te behou, niesteenstaande al die invloede van die tyd en hierdie wêreld.

Iemand vra miskien: hoe kan dit geskied? — Ons antwoord: Ouers moet die kinders van jongsaf leer om die Kerk van hulle vadere waarin hul gedoop is, lief te hê bo ander kerkgenootskappe, en daardie liefde moet opgewek en beoefen word deur hulle reeds

vroeg saam te neem kerk-toe, Sondagskool-toe te stuur (maar ook hier moet die ouers weet of die onderwyser of onderwyseres met hulle saamstem, want nie alle onderwysers is gelowiges of eg Gereformeerdes nie, selfs sonder dat hul self dit weet) en wat in menige geval nog beter is, die kinders op Sondae self byeen te bring op die plaas of in die huis, en hulle die Bybelgeskiedenis op bevatlike wyse te vertel, en hulle o. a. te wys op Moses, Josef, Daniël en ander Godsmanne wat selfs in vreemde lande en onder sware beproewings getrou gebly het aan hul *volk en aan die God van hulle vaders*.

Die kinders moet die geskiedenis van ons volk *hoor en leer en lees*, en dan sal die voorliefde opgewek en werksaam word, en 'n sterk mag wees teen die stroom van liefde tot wat vreemd is, en langs dié weg is daar hoop dat dit met hulle nie sal gaan soos ons in Jer. 2 : 25 lees nie: Neen, maar wij hebben de vreemden lief en die zullen wij nawandelen, — en wat was die gevolg? Lees Hosea 7 : 8, 9, „Efraim, die verwacht zich met de volken; vreemden verteren zijn kracht en hij merkt het niet.”

Sê en dink tog nie: hierdie dinge moet op skool geleer word nie. Ja, dit is so, maar is dit nie 'n algemeen bekende saak nie dat die onpartydige kennis van ons volksgeskiedenis en nasionaliteit op ons skole deur baie onderwysers op 'n erbarmlike wyse behandel word?

Daar is onderwysers wat van daardie dinge min weet of eensydig is met hulle onderwys

daarin. Daar is onder hulle selfs wat hul *bitter* weinig kwel oor die godsdienstige en nasionale vorming van die kinders wat aan hulle sorg toevertrou is, en baie ouers is doodgerus. Hul doopsbelofte rus op hul, maar te oordeel na hulle gedrag sou 'n mens sê dat hierdie belofte in die kerk gebly het. Hoe bitter swaar sal menige ouer nog moet ly oor hul ontrouheid aan die heilige doopsbeloftes!

Ouers, ons moet God se mede-arbeiders wees om ons kinders op te voed. Dan sal hulle 'n seën word vir Kerk en volk. Maar as ons ons plig op ander afskuif en onverskillig is omtrent hulle nasionale en godsdienstige vorming en hul boonop nog vry laat of selfs voorgaan in wêreldliefde, modesug, lees van verderflike boeke, Sondagontheiliging, skadelike geselskappe, uithuisigheid, losbandigheid, ens., ens., dan sal ons vir onself en vir hul die weg berei van smart en ellende hier en hiernamaals.

Liewe ouers, laat hierdie welmenende wenke vir u tog welkom wees. Rig op traë hande en slap knieë en maak gelyke paaie vir julle voete, sodat wat kruppel is nie verdraai word nie, maar eerder genees word.

Neem aan en beoefen hierdie waarheid: Die Here stel meer belang in die tydelike en ewige welsyn van onself en van ons kinders as ons weet en begryp. Vat dan moed en pleit op Ps. 115 : 9–15. En Hy wat *getrou* is, sal ons *getrou* maak en Sy seën oor ons en ons kinders gebied.

---

Ons besluit hierdie hoofstuk met :

## 6. 'N GETUIENIS.

### „Hoe God my gehelp het om my Kinders op te voed.”

My eerste liewe kindjie is by sy geboorte gesterwe, en toe het ek die onsekerheid van alle aardse verwagtings geleer. Sedert dié tyd het ek gevoel dat daardie gestorwe lammetjie 'n pand was wat ingesamel moes word deur Hom, ons Saligmaker en ons Koning.

Toe my volgende liewe kind my gegee is, het ek haar as pand ontvang van die Heer, wat ek nie sou kon doen, as die eerste een nog gespaar was nie. Ek het gevoel dat, as ek haar wou oplei, ek myself eers moes oefen in selfverloëning en selfbeheersing. 'n Kindjie in die huis maak 'n groot verskil in die tyd van die moeder.

Tot nou toe was dit my reël om smôrens vroeg op te staan vir die studie van Gods Woord en vir gebed. Nou, met my verstoorte nagte was ek geneig om deur te slaap, as dit moontlik was; maar daar was die kindjie om voor te sorg. Spoedig het dit my getref dat huishoudelike sake agteruitgegaan het weens hierdie oponthoud. Daarom wou ek hê dat die Heer my moes help, sodat ek my sake kon reël sonder om die gemak van die huis daarmee te verstoer. My eggenoot en ek het daarvan 'n reël gemaak om elke môre saam 'n kort gebed te hê. Dit kon egter nie langer voort-

gesit word nie, totdat die Heer my in antwoord op my gebed gewys het dat ek in Sy krag kon opstaan en die kindjie klaar kon hê voor brekfis (sodat ek heeltemal vry was).

Toe die famielie vermeerder en die besigheid drukker geword het, moes dit ook opgegee word; maar ek moet hier sê dat ons dit spoedig wenslik gevind het om die huisgodsdienis voor brekfis te hou. Sommige moeders mag sê: „U was baie sterk om dit te doen,” maar ek was allesbehalwe sterk, en vir twaalf lang jare was my lewe 'n voortdurende inspanning! As ek nou dat my kinders groot is, terugkyk, dank ek God vir Sy voortdurende hulp.

Ek het altyd baie waarde aan die huisgodsdienis gehê, as dit reg beoefen word. Dit spreek luider as woorde, dat God geëer moet word en dat Sy hulp daaglik vereis word vir die lewe. As die vader afwesig is, laat die moeder dan sy plek inneem. In die begin mag sy daarvoor terugdeins, maar God sal haar daarin help en seën, en dit sal haar invloed oor die kinders en bediendes vermeerder.

Laat niks hierdie oefening ooit verhinder nie. As 'n reis moet aanvaar word, of as daar buitengewone drukte in die huis is, dan is daar des te meer redes dat God se hulp en seën moet gesoek word. Vind ons nie die antwoord in Gods Woord nie: „Zoekt eerst het Koninkrijk Gods en al deze dingen zullen u toegeworpen worden”?

Laat hierdie oefening 'n waaragtige tyd van godsdienis wees, nie maar 'n blote vorm wat ons moet deurmaak nie. Sing 'n lied kort en

lewendig. Lees nie meer as vyftien of twintig verse nie; dit is genoeg om soveel te lees, as 'n mens dit kan onthou en daarby voordeel kan behaal. Vermo om oor die node van die hele wêreld te bid; doen dit slegs in u binnekamer. Erken famielie-weldade, soek famielie-seëninge, bid vir die wat skool-toe, besigheid-toe, of op reis gaan, of wat siek is. Dink aan geboortedae as tye van danksegging. Vra hulp vir die bediendes in hulle belangrike werk — belangrik omdat die gemak van die famielie grotendeels van hulle afhang.

Hierdie diens is dikwels die enigste aflossing wat die bediendes het in die eentonigheid van hulle daaglikse lewe; en sal hulle nie deur hierdie pouse verkwik teruggaan nie tot hul werk in die daaglikse roetiene?

Toe die kinders nog jong was, het ons, moeder en kinders, saans rondom die tafel sonder iemand anders vergader. Daar het ons 'n paar eenvoudige versies gelees, en het hulle opmerkings gemaak om aan te toon wat hul daarvan verstaan. Dan het ek die stuk heel kortliks duidelik gemaak. Elke kind het hardop gebid. Dit het hulle gewoon gemaak om in die openbaar te bid en was 'n hulp, toe hulle ouer geword het.

Ek het hulle ook aangemoedig om hul sonde voor God te bely en skuldvergifnis te soek vir klein onvriendelikhede teenoor mekaar. Dit had die invloed om hul binne die perke te hou gedurende die speelure en om hulle in liefde aanmekaar te verbind. As my beurt kom, het ek gewoonlik hulle gebede opgesom



en aangevul, God om vergifnis van elke oortreding gevra en Hom geprys vir elke geringe blydschap of plesier van die dag — 'n nuwe stuk speelgoed of geskenk van enige soort het ek as 'n gif van God erken.

Die kinderkamer moet een van die beste kamers in die huis wees. Is 'n kinderkamer nie van groter belang as 'n voorkamer nie? Die meubels van die kinderkamer moet van so 'n aard wees dat dit vir die oppasster nie nodig sal wees om gedurig te sê: Moenie dit of moenie dat doen nie, daar dit partykeer net wreweligheid veroorsaak. Maar wanneer 'n kind in die voorkamer of ander vertrekke is, moet hy geleer word om meubels te waardeer en hom beleef te gedra. Groot sorg word vereis om 'n verpleegster of kindermeid te kies, omdat die kinders so gou woorde en maniere aanleer; en onhebbelikhede wat eenmaal opgedoen is, word nooit heeltemaal vergeet nie.

Maak gedurige metgeselle van u kinders; voel met hulle saam in hulle vreugde of droefheid. Dis treurig om 'n moeder te sien wat meer tyd gee aan die versiering van haar huis of persoon as aan gemeenskap met haar kinders wie se karakter sy vir tyd en ewigheid moet vorm. Stel vertrouwe in hulle, as hul ouer word en trag om hulle vertrouwe te wen. Ag hulle moeilikhede nooit gering en stel hul nooit in 'n belaglike lig voor nie, want dit sal u spoedig van hulle vertrouwe beroof.

Laat u seuns die vrymoedigheid gevoel om al hul gedagtes uit te spreek. Dit is die grootste beskerming teen die sonde. Dit doen my altoos

leed, as ek sien dat daar melding gemaak word van kinders in hulle teenwoordigheid, en hulle gesegdes en daade die onderwerp van gesprek of gelag word. Hier wil ek 'n paar voorskrifte van my moeder noem omtrent „omgang van kinders”.

Wil u leer hoe om die kinders u te laat liefhê? Wil u die sleutel hê wat die binneste skuilhoeke van hulle natuur sal ontsluit? Dan moet u altyd met hulle simpatiseer. Stel hulle geheimpies nooit in 'n belaglike lig voor nie. Sê nooit: „Ag wat!” wanneer hulle u 'n nuwe vlieër of wonderbare tol kom wys nie; en: „ek wil nie gehinder word nie”, as hulle die moeilike knoop nie los kan kry nie, of as twee en twee hardnekkig weier om vier te maak op hulle leie. Vlieërs en knope is nog maar die voorlopers van ouer gedagtes en harder laste wat die ouers eenmaal tevergeefs sal wens om te help dra. Lag nooit oor enige denkbild van die kind nie, hoe vreemd of sonderling dit u ook mag toeskyn.

Laat hulle u simpatie klaar vind, as hulle met hul lief en leed tot u kom. O, hoeveel beter is dit nie, as u kinders al hulle sorge, laste en versoekings onder die vriendelike oog van 'n ouer bring nie! Respekteer hulle regte; dink nooit dat u harde dinge in hulle teenwoordigheid kan sê nie. Hulle is die noukeurigste beoordelaars van reg of onreg in die wêreld.

Iemand het gesê dat, as u geneë gevoel om vir u kinders kwaad te wees, omdat hulle nie gou genoeg leer nie, u maar moet probeer om

'n skoot met u linkerhand te skryf. Kyk dan net hoe moeilik dit is en bedink dan dat dit by kinders alles die linkerhand is. Bo alles, wees nooit skaam om hulle te laat weet dat u hulle liefhet nie.

Dit was 'n reël by my om my kinders dikwels een vir een na die binnekamer te neem en te sê: „Ek gaan nou met Jesus praat,” en dan het ek in die teenwoordigheid van my kind my siel voor Hom uitgestort. O, hoe dierbaar is die herinnerings van voorskootjies wat opgetel was om my trane af te droë wat dikwels gevloei het in ware gemeenskap met God. Of die soete stemmetjie sou sê: „Moeder, moenie huil nie”; en miskien moes moeder die oë oopmaak en sê: „Moeder is nie treurig nie, maar die trane kom vanself, as moeder met God praat.”

Dikwels moes die moeder sê: „Here, ek is baie swak en onkundig; ek wil my kinders leer om U lief te hê maar ek weet nie hoe nie.” Of as ek ongeduldig was in hulle teenwoordigheid, sou ek nie gehuiwer het om God te vra om my te vergewe nie en my meer geduldig in die toekoms te maak. Dan moes ek dikwels wysheid vra om die huis te hou, met die geld uit te kom, of om meer bid. Elke kleinigheid het ek na die Heer toe geneem. Dus het hulle baie geheime sorge ter ore gekom, en het hulle aldus geleer om alles na die Heer te bring. Martin Tupper sê: „Laat hulle u met God sien praat” — en ek het die heilsame invloed daarvan ondervind.

Die sakrament van die doop was 'n ware tyd van toewyding aan God. Die kinders is na Kristus gebring soos die Joodse moeders

vanouds hulle suiglinge na Hom toe gebring het, toe Hy vir hulle gesê het: „Laat de kinderkens tot Mij komen.”

Die Heer se awendmaal was vir my soos die fees van Esther, toe die koning gesê het: „Wat is u versoek?” — Dit was 'n ander geleentheid om 'n spesiale seën van die Heer vir my kinders te soek. Jaar na jaar het ek na die toewyding en bekering van my kinders gesoek, totdat gebed in die een geval na die ander in danksegging verander is.

Die vakansiedae is meestal sware tye vir moeders van groot famielies. Jare gelede, toe gehaakte kleedjies in die mode was, het ek hulle aan werk van hierdie aard gesit en beloof om hulle te betaal, as dit klaar was. Een moes 'n interessante boek lees terwyl die ander werk. Dikwels het ek self gelees, as dit nodig was dat 'n volwasse persoon orde moes hou. Een van my seuns het 'n paar kousies vir sy broertjie gebrei. So het die gevreesde vakansiedae verby gevlieg, en die kinders had sakgeld wat hulle self verdien het en wat gewoonlik gebruik is vir verjaarsdag- of Kersmisgeskenke. Hier mag ek sê dat dit my gewoonte was om nooit vir hulle sakgeld te gee nie, maar hul daarvoor laat werk het.

Een aangename voorval is nog vars in my geheue. Dit was kort voor Kersmis. 'n Dogtertjie vra haar pa hoe sy geld vir Kersgeskenke kon verdien. Sy antwoord was: „My kind, ek weet nie, maar as oom geld nodig het, dan vra hy dit vir die Heer.”

Dieselfde dag het hy 'n onverwagte besoek

aan 'n ou tante gebring. Toe hy weer vertrek, het sy hom 'n pond gegee om onder sy kinders te verdeel. Toe hy tuis kom, vra hy die dogtertjie of sy nog die gesprek omtrent geld onthou. Sy antwoord toe: „Ja vader.”

„Kyk nou net hoe gou die Heer geantwoord het. Ek was vandag by Tant . . ., en sy het my 'n pond gegee om onder julle te verdeel; hier is jou deel.”

Daardie aand was daar vreugde in die jong hartjies. Die vader het vir 'n oomblik by die deur geluister en gehoor dat een sê: „Is die Heer nie goed om so gou te antwoord nie?”

Wat 'n les vir daardie jong lewens in gebed en geloof om later op 'n groter en belangriker skaal uit te oefen!

Jare gelede het vriende gewoonlik gesê: „O, nou het jy die las op jou hande, maar as hulle ouer word, val die sorg op die hart.” Maar ek dank God dat my kinders groot geword het my tot 'n vreugde en troos, en met Johannes kan ek sê: „Ek het geen groter vreugde nie, as om my kinders in die waarheid te sien wandel.” Ek bid en wag, daar ek nie al die beloftes ontvang het nie, maar hulle van ver af aanskou het.

„Hij, die beloofd heeft, is getrouw, die het ook doen zal.” — „Zo iemand wijsheid ontbreekt, dat hij ze van God begere — en het zal hem gegeven worden.”

*(Oorgeneem).*



A. DREYER. — DIE KRISTELIKE HUISGESIN